REPORT OF THE JHB ECC AFRIK. GROUP

1.3.3

## VERSLAG OOR END

Die belangstelling van mense vir 'n Afrikaanse 'tak' van die ECC is gewek n.a.v. 'n Jodac-vergadering waarop medewerking van spesifiek Afrikaanssprekendes gevra is. 'n Introduksievergadering (4 Maart 1986) waarop ECC se doelstellings verduidelik en die video vertoon is, is opgevolg deur 'n reeks vergaderings (11 en 26 Maart, 2, 16, 23 en 30 April) wat deur gemiddeld 15 - 20 Afrikaanse mense per keer bygewoon word - steeds met leiding en ondersteuning van Annemarie, Robbie en Joy, asook ander Engelssprekende ECC-lede.

### Naam END

Vir strategiese doeleindes is deur die Johannesburg-groep besluit om 'n Afrikaanse naam te hê wat steeds saam met ECC gebruik sal word, nl. Eindig Nasionale Diensplig/END. Onder 'diensplig' word tans algemeen in die omgangstaal 'militêre diensplig' verstaan, maar omdat misverstande kan ontstaan (nl. dat ECC/END teen álle vorme van diens aan die land gekant sou wees), word dit volledig in publikasies as 'militêre diensplig' omskryf. Vir 'n afkorting is egter op die meer treffende END besluit. Die moontlikheid van 'n wysiging tot'EMD: Eindig Militêre Diensplig' is ook geopper. Latest proposal : END - Eindig Nasionale - Militêre Diensplig

### Skakeling ECC en END

END beskou homself as slegs om praktiese redes 'n afsonderlike groep: wat alle beginselstandpunte betref, moet daar eensgesindheid wees. Die ECC-vergaderinge word gereeld bygewoon deur 'n afvaardiging van END om oor en weer van mekaar se aktiwiteite kennis te neem en dit te koördineer. Die belangrikste skakelfigure tussen ECC en END is Annemarie, Robbie en Joy.

### Deelname aan aksies

Die lede van END skakel in by streeks- en nasionale aksies wat deur die ECC beplan word - tot dusver is geen eie voorstelle gedoen nie omdat ECC reeds so 'n vol program vir veral April gehad het waarby ingeskakel wou en moes word. Die algemene gevoel van END is dat slegs in uitsonderingsgevalle (miskien Pretoria) afgewyk moet word van die nasionale veldtogte. Die groep het meegewerk aan die 'Working for a just peace: Construction not Conscription / Werk vir 'n regverdige vrede: Diensverlening i.p.v. diensplig'-aksie wat in Johannesburg bestaan het uit die aanplant van 'n tuin in Eldorado Park op 19, 20 en 26 April. Aan die veelrassige piekniek by die Dieretuinmeer op 27 April is ook deelgeneem.

Media

Dié gebied is uit die aard van die saak baie belangrik en die vergaderings en werksaamhede van groeplede is veral deur die vertalings en verwerking van bestaande ECC-literatuur in beslag geneem.

Twee Afrikaanse plakkate (waarop die naam ECC ook prominent voorkom) is ontwerp, afgedruk en versprei deur die groep: 'Wat doen jy in die townships troepie?' (in swart en wit) en 'Eindig militêre diensplig' (met rye mannetjies in rooi, swart en wit).

'n Algemene pamflet (gebaseer op die Engelse geel 'Working for a just peace'-pamflet) is vertaal en ontwerp, maar nog nie gedruk en versprei nie. Dit sal waarskynlik aangepas moet word noudat die April-aksies verby is.

Spesifiek gemik op die 27 April-piekniek en vir Afrikaanse skoolkinders is 'n vertaling en bewerking van 'n Engelse pamflet gemaak. Ongeveer 1000 is versprei by Linden, Roodepoort, Helpmekaar, Randburg en Die Kruin hoërskole. By die piekniek was waarskynlik geen Afrikaanse kinders nie. Wat dit betref, was die pamflet-aksie onsuksesvol, maar die konkrete aanleiding tot informasieverspreiding laat hopelik tog sommige lesers daarvan nadink.

Ontwerpe vir Afrikaanse plakkertjies ('stickers') en wapentjies ('buttons') is reeds gemaak, maar nog nie gedruk nie.

Aangesien baie plakkate baie gou afgehaal word, moet die bestaande twee en nuwes her-/gedruk word en reëlmatig weer opgeplak word.

Wat plakkate vir vergaderings (bv. die 'Peace Rally' op 29 April) betref: spesifiek Afrikaanse plakkate word as onnodig beskou. Dié tipe plakkate kan in die toekoms liewer tweetalig wees. Tydens dergelike vergaderings sou wel ook Afrikaanse posters en pamflette vertoon en versprei moet word.

Persverklarings aan Afrikaanse koerante moet slegs in samewerking met Annemarie gedoen word.

END-lede is gevra om aan die briewekolomme van Afrikaanse koerante te skryf oor die kwessie van militêre diensplig.

Meningspeiling

Die 'survey' is in Afrikaans vertaal met die oog daarop om die Afrikaanse publiek se menings oor diensplig vas te stel. END-lede sal daarmee rondgaan by koopsentra in hoofsaaklik Afrikaans-sprekende voorstede.

Monitor van Afrikaanse koerante

Alle inligting oor die SAW en aanverwante sake wat verskyn, word versamel.

Fondsinsameling

'n Konsert/jol met Afriaanse musikante en kunstenaars, maar ook iemand soos Jennifer Ferguson wat reeds haar bereidheid te kenne gegee het, moet nog georganiseer word.
T-shirts, serpe en inkopiesakke met Afrikaanse tekste moet nog ontwerp en gemaak word. Dit kan te koop aangebied word by stalletjies op vlooimarkte wat saam met Engelssprekende ECC/END-lede beman word.

Lede

Aangesien 'n klein kerngroep tot dusver die meeste werk doen, is dit noodsaaklik dat nuwe aktiewe Afrikaanssprekende lede vir ECC/END gewerf word. Persoonlike kontakte word beskou as die mees geskikte werwingsmetode, alhoewel uiteraard gehoop word op reaksie van Afrikaanssprekendes op plakkate en pamflette.

Kontak met ander Afrikaanse groepe

Telefonies is reeds kontak opgeneem met mense op Stellenbosch. Dit is egter veel meer noodsaaklik dat alle Afrikaanse groepe direkte kontak het met ECC se reeds bestaande Engelse groepe en daarby inskakel. 'n Uitwisseling van pamflette ens. wat in Afrikaans gestel is, word wel aanbeveel om dubbele werk te vermy.

Prinsipiële diskussies

i) Breyten Breytenbach: Die ~~nasionale komitee van ECC~~ JHB ECC Exec se standpunt dat BB nie vanaf 'n ECC-platform sal praat nie, is met begrip maar ook teleurstelling aanvaar. Dit is duidelik dat sommige Afrikaanssprekendes ander sentimente oor hom het en dié standpunt is deur Hans Pienaar aan ECC-exec. per brief oorgedra.

ii) Pretoria: Nadat END kontak in Pretoria gemaak het, is die oorspronklike groep belangstellendes saam met ander groepe gesnoer in die hande van die nasionale organiseerder, Laurie Nathan, en 'n beplanningskomitee van Pretoria.

Johannesburg, 30 April 1986

**Collection Number: AG1977**

**END CONSCRIPTION CAMPAIGN (ECC)**

## *PUBLISHER:*

*Publisher:-* **Historical Papers Research Archive**
*Location:-* **Johannesburg**
**©2013**

## *LEGAL NOTICES:*

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document is part of a collection held at the Historical Papers Research Archive at The University of the Witwatersrand, Johannesburg, South Africa.